Les 9

**25 Februarie – 3 Maart*

Die Heilige Gees en die Kerk

Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:
Efesiërs 1:22, 23; 1 Korintiërs 12:13; Romeine 6:3-7; Handelinge 17:11; Efesiërs 4:5, 6; Handelinge 2:4-11.

Geheueteks:
"Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop." *(Efesiërs 4:3-5, AFR83).*

Dikwels dink ons aan die Heilige Gees wat slegs op individuele vlak en in die lewens van individuele gelowiges werksaam is. Maar hierdie werk in individue is die grondslag van 'n geestelike gemeenskap. Die Heilige Gees is uitdeindelik verantwoordelik vir die bestaan van die kerk in Christus. Ons is dikwels in die versoeking om te dink dat die kerk bestaan en groei vanweë ons verskeie evangelistiese pogings en sendingaktiwiteite. Ja, God wil graag sy verheerlikte planne vir die kerk verwesenlik, en wel met ons hulp. Maar die werklike rede vir die kerk lê nie in wat ons doen nie; nog minder is dit die resultaat van ons effektiewe organisering en administrasie (bestuur), alhoewel al hierdie dinge ook belangrik is. Die kerk bestaan vanweë dit wat God reeds gedoen en nog aanhoudend vir ons sal doen deur die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat 'n geestelike gemeenskap en volgelingskap met die geskrewe Woord van God vestig. Dis geïnspireer deur dieselfde Gees, aan wie die outoriteit vir geloof en aanbidding behoort. Die Gees-geïnspireerde Bybel is die grondslag vir die teologiese eenheid van die kerk. Sonder die werk van die Gees, sou die kerk nie bestaan nie en sou dit nie die verenigde sendingopdrag kon uitvoer nie.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 4 Maart.*

Sondag

26 Februarie

Die Heilige Gees verenig ons met Christus

Die Heilige Gees verenig ons op talryke wyses. Ons sou nie as kerk bestaan indien die Heilige Gees ons nie eerstens met Christus verenig nie. Christus is die hoof van die kerk *(sien Efe. 1:22, 23; 5:23)*. Ons word daadwerklik deur die Heilige Gees met Christus Self verenig. Om met Christus verenig te wees, is die grondslag van al die seëninge van verlossing, aangesien alles wat ons het, van Hom af kom. Ons aanneming as seuns en dogters van Christus, ons regverdigmaking en heiligmaking, ons oorwinnende lewe oor sonde, en ons uiteindelike verheerliking, is alles deel van ons lewens, te danke aan ons vereniging met Christus. Daarom moet Hy die grondslag van ons totale Christelike ondervinding wees.

Lees Efesiërs 2:18, 20-22 en 1 Petrus 2:6, 7. Wat vertel dit ons aangaande die rol van Christus en die Heilige Gees in die totstandkoming van die kerk?

Ons het toegang tot God die Vader deur die Heilige Gees. Jesus is die rots, die fondament van ons verlossing, en die Een op wie alle ander dele van die hele gebou opgerig word. Op individuele vlak gee die werk van die Gees aanleiding tot 'n spesifieke geloofsgemeenskap: die kerk. Wanneer ons verlossing deur die geloof in Christus Jesus alleen verkry het, en deur die liefde van God aangeraak is, kom daar 'n "gemeenskap van die Heilige Gees" *(2 Kor. 13:13)* in die kerk tot stand. Individuele gelowiges word opgerig tot 'n nuwe geestelike huis: "'n woning van God in die Gees" *(Efe. 2:22)*. As volgelinge van Christus moet ons gretig daarna streef "om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede" *(Efe. 4:3)*. Ons moet op elke moontlike wyse, sonder om ongeoorloofde kompromieë aan te gaan, vra vir eenheid in die gemeenskap van gelowiges.

Lees Kolossense 3:12-14. Hoe kan jy daardie eienskappe navolg, en 'n bydrae maak tot eenheid in die kerk? Waarom is hierdie eienskappe so noodsaaklik vir kerkeenheid?

Maandag

27 Februarie

Die Heilige Gees verenig ons deur die doop

Lees 1 Korintiërs 12:13. Hoe verenig die doop ons met Christus en die Gees?

Dit is die Heilige Gees wat ons in die liggaam van gelowiges verenig. Die openbare toetrede tot Christus se geestelike koninkryk is deur die doop. Ons word tot ‘n spesifieke kerkliggaam gedoop. Daarom het die doop ‘n besondere gemeenskaplike dimensie en belangrike groepsimplikasies. As volgelinge van Christus kan ons nie op ons eie en vir onsself leef nie. Ons benodig almal die ondersteuning, aanmoediging, en hulp van ander. En ons kan beslis nie die goddelike sendingopdrag alleen uitvoer nie. Daarom het God die kerk geskep. Om Christus te volg, beteken om Hom saam met die aanbidding van ander gelowiges te volg. Daarom is die doop en die kerk twee sigbare komponente.

Lees Romeine 6:3-7. Wat word deur die bybelse doop gesimboliseer?

Die handeling om met Jesus Christus deur die doop in die watergraf begrawe te word (om te sterf), en om tot nuwe lewe in gemeenskap met Jesus, ons Here en Verlosser, opgewek te word, simboliseer die kruisiging van die ou lewe en die openbare belydenis om Christus as ons Verlosser te aanvaar. “Die doop is ‘n plegtige afstanddoening van die wêreld. Die self word dood verklaar vir ‘n lewe van sonde. Die water bedek die kandidaat, en in die teenwoordigheid van die hele hemelse heelal word die wedersydse verbintenis afgelê. In die naam van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees word die mens in die watergraf neergelê, saam met Christus in die doop begrawe, en vanuit die water opgewek tot ‘n nuwe lewe van getrouheid aan God.”—Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 1074 (vry vertaal). Die doop is ‘n positiewe tree waarmee almal wat begeer om gereken te word dat hulle onder die heerskappy van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees staan, moet voldoen. Met ander woorde, die doop is ‘n teken van ware berou, die kruisiging van die ou lewe, en dit kondig die nuwe geboorte of bekering aan. Dit omsluit ook wedersydse verbondsverpligtinge. Die gelowige belowe om getrou aan God en sy gebooie te wees, en God gee ons die versekering dat ons op Hom kan staatmaak vir hulp wanneer ons dit benodig.

Het jy ‘n besluit geneem om as gelowige gedoop te word? Indien nie, wat verhinder jou om Christus deur die doop te volg? Indien jy wel deur onderdompeling gedoop is, hoe het jou doopgeloftes jou geestelike wandeling met Jesus beïnvloed?

Dinsdag

28 Februarie

Die Heilige Gees verenig die kerk deur die Woord van God

Lees Handelinge 17:11; en Johannes 5:39, 46, 47; 8:31, 32. Wat is die onderskeidende kernmerk van 'n ware dissipel van Christus? Waarom is die Bybel onontbeerlik om ons na Christus te lei, en om ons te help om Hom in getrouheid na te volg?

Die primêre middel waarmee die Heilige Gees ons met Christus verenig, is deur die geskrewe Woord van God. Die Bybel is 'n betroubare bron om Jesus te leer ken, en die wil van God te sien. Daarom is die lees van die Skrif en die memorisering van sy inhoud so belangrik. Die Bybel is die gesaghebbende bron vir die onderskeiding van geestelike waarheid en dwaling. Paulus het die mense van Berea aangeprys as edelmoedig *(Hand. 17:11)* aangesien hulle die Skrifte getrou ondersoek en bestudeer het om te bepaal of dit wat hulle gehoor, die waarheid was. Enige reformasie en geestelike herlewing – ongeag of dit ons as individue of gesamentlik as kerk beïnvloed – moet op die Skrif gebaseer wees. Die Bybel is die grondslag waarop ons geloof gebou is; terselfdertyd is die liefde van Jesus en vir sy geskrewe Woord die band wat ons saamhou.

Lees Johannes 17:17-21. Jesus praat hier van eenheid as 'n onderskeidende teken van Christen-dissipelskap. Volgens Johannes 17:17, wat is die grondslag van hierdie eenheid?

Die Woord van God is waarheid *(Joh. 17:17, Ps. 119:160)*. Die eenheid van die kerk is die werk van die Gees saam met en deur die geskrewe Woord van God. Die Heilige Gees sal ons nooit lei om te twyfel nie, te kritiseer nie, té ver te gaan nie, of te kort doen met Bybelonderrig nie. Hy sal eerder 'n waardering by ons kweek vir die goddelike gesag van die Skrif. Die Heilige Gees trek ons nooit weg van die geskrewe Woord nie, en net so ook van die Lewende woord nie. In stede hiervan hou Hy ons in voortdurende, bewuste, en gewillige onderdanigheid aan beide. Die Bybel vorm die grondliggende bron van enige teologiese eenheid wêreldwyd. Indien ons ons volkome vertroue in die Bybel as Gods Woord sou verminder of verswak, sal die eenheid van die kerk tot niet gaan.

Hoeveel tyd bring jy met die Woord deur? Nog belangriker, hoe leer jy om jouself aan die leringe daarvan te onderwerp?

Woensdag

1 Maart

Die Heilige Gees verenig die kerk in geloof en leerstelling

"Een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is" *(Efe. 4:5, 6)*.

Wat sê Paulus hier vir ons oor eenheid en waar dit vandaan kom?

Eenheid in geloof en leerstelling word bewerkstellig slegs deur getrouheid aan die Woord van God. Die Here, wat dieselfde gister, vandag,en vir ewig is, smee 'n geestelike band met elke gelowige. Dieselfde nuwe geboorte, geskep deur die Heilige Gees, dieselfde gehoorsaamheid aan die Woord van God, deur die Heilige Gees bewerkstellig, gee aanleiding tot 'n geloofseenheid en aanbidding wat alle menslike en kulturele verskille oortref. Alhoewel ons opgeroep is om onsself aan die Woord van God te onderwerp, en alles in ons vermoë te doen om in vrede met almal te leef, *(Rom. 12:18),* kan ons uiteindelik nie teologiese eenheid of eenheid in doel vir die kerk as geheel bring nie. Want eenheid is nie soseer 'n taak wat verrig moet word, as wat dit 'n gawe van die Heilige Gees is nie – Hy werk individueel in elke gelowige op aarde en in die kerk as geheel.

Die teologiese grondslag van hierdie eenheid is God se Woord. Enige oproep tot die Gees sonder die geskrewe Woord kan aanleiding gee tot agterdogtige leerstellings en praktyke. Terselfdertyd sal enige oproep tot die geskrewe Woord van God, sonder die Heilige Gees, die Woord verdor en dit onvrugbaar maak. Aangesien daar slegs een Here is, is daar net een geloof wat aanleiding gee tot een doop. Slegs in vreugdevolle getrouheid aan die Woord van God sal ons in staat wees om eenheid binne ons kerk te bewerkstellig. En as daar geen eenheid in geloof en leerstelling is nie, sal daar ook geen eenheid in die sending wees nie. "Ons het een Here, een geloof, een doop. Die evangelie van Christus moet alle klasse, alle volke, alle nasies en tale bereik. Die invloed van die evangelie moet almal in een groot broederskap verenig. Ons het slegs een Model om na te boots in karakterbou, en dan sal ons almal na die beeld van Christus gevorm wees. Ons sal in volmaakte harmonie wees; nasionaliteite sal in Jesus saamsmelt, en almal sal een in gedagte en oordeel wees, sal dieselfde dinge praat, en God uit een mond verheerlik."—Ellen G. White, *Our High Calling*, p. 171 (vry vertaal).

Kyk na die stelling hierbo van Ellen G. White. Sonder om oor ander te bekommer en wat hulle doen, vra jouself die volgende af: Wat kan ek doen om hierdie wonderlike doelwit van eenheid te behaal?

Donderdag

2 Maart

Die Heilige Gees verenig die kerk in sending en diens

Lees Handelinge 2:4-11, 16-21. Waartoe het die uitstorting van die Heilige Gees aanleiding gegee in die gelowiges van die Nuwe Testament?

Die Heilige Gees was verantwoordelik vir die kragtigste sendinguitreik wat die geskiedenis tot op daardie tydstip ervaar het. God kan meer doen deur ‘n klein groepie wat verenig staan in hulle toewyding aan Hom, as wat Hy kan doen deur ‘n groot groep wat verdeeld staan in hulle toewyding. Maar God kan selfs groter dinge doen indien ons almal one lewens en kragte, ons talente en hulpbronne, aan Hom toegewy het.

Die Nuwe Testamentiese kerk het gegroei uit die eenheid in die leefwyse en sending van die gelowiges. ‘n Klein en tengerige groepie gelowiges is verander tot ‘n magtige groep wat ‘n effektiewe werkstuk was wat mense van verskillende kulture en tale bereik het. Hulle was verenig in die verkondiging van die “groot dade van God” *(Hand. 2:11)*. Dieselfde God wat werksaam was in die Nuwe Testament, sal ook werksaam wees in die eindtyd, wanneer dit nodig is dat die werk klaargemaak moet word voor Hy weer kom.

Lees Handelinge 2:42-47. In watter ander dinge was die gelowiges van die Nuwe Testament verenig?

Die vroeë kerk het ook verenig gestaan in ‘n paar ander dinge, behalwe die Pinkster sendingopdrag. Hulle was verenig in Bybelstudie en het hulleself voortdurend toegewy aan die apostels se onderrig *(Hand. 2:42)*. Hulle was verenig in samesyn, en die breek van brood, iets wat waarskynlik ‘n verwysing is na gesamentlike aanbidding *(Hand. 2:42)*. Hulle was verenig in gebed *(Hand. 2:42)* en om God te loof *(Hand. 2:47)*. Hulle was verenig in die diensbaarheid aan ander se behoeftes, en hulle het vrylik alles gedeel wat in hulle besit was, sodat almal se behoeftes bevredig is *(Hand. 2:44, 45)*. Gesamentlike Bybelstudie en aanbidding sal aanleiding gee tot die begeerte om die goeie nuus met ander te deel, en ander op praktiese wyses van hulp te wees. Die Heilige Gees sal ons oë oopmaak vir die behoeftes rondom ons.

Watter aktiwiteite in jou plaaslike kerk is ‘n bewys van die eenheid in jou gemeente? Kan daar meer gedoen word?

Verdere leeswerk:

"Dit is die werk waaraan ons ook deel behoort te hê. In stede daarvan om in afwagting te leef vir een of ander spesiale tydperk van opwinding, moet ons wyslik die huidige geleenthede verbeter, en doen wat gedoen moet word sodat siele gered kan word. In stede daarvan om die kragte van die denke uit te put in spekulasie aangaande die tye en seisoene wat die Here in sy mag het, en van manne weerhou, moet ons onsself beskikbaar stel vir die beheer van die Heilige Gees, om huidige take te verrig, om die brood van die lewe te gee (sonder enige veranderde menslike menings), aan siele wat sonder die waarheid sou vergaan."—Ellen G. White, *Selected Messages*, book 1, p. 186 (vry vertaal). "Elke individu streef daarna om 'n middelpunt van invloed te word, en totdat God vir sy volk werk, sal hulle nie die ondergeskikstelling aan God sien wat die enigste en veilige hawe vir elke siel is nie. Sy transformerende genade in die mens se hart sal aanleiding gee tot eenheid wat nog nie ten volle plaasgevind het nie, want almal wat saam in Christus is, sal saam met mekaar in harmonie wees. Die Heilige Gees sal eenheid skep."—Ellen G. White, *Selected Messages*, book 3, pp. 20, 21 (vry vertaal).

Vrae om te bespreek:

1. Wat bedoel Ellen G. White as sy sê: "Elke individu streef daarna om 'n middelpunt van invloed te word"? Waarom is dit vir ons almal so 'n natuurlike neiging, en wat kan ons doen om hierdie neiging in ons lewens te beveg? ***(Sien ook Fil. 2:3, 4.)***

2. Sommige is van mening dat diens ons sal verenig, eerder as leerstellings. Trouens, daar word gemeen dat leerstellings eerder mense verdeel; dus behoort dit nie prominent gemaak te word nie. Maar waarom kan daar nie eenheid in sending en diens wees nie as daar verdeeldheid in leerstellings is? Waarom is 'n algemene gedeelde geloof 'n kragtige faktor in verenigde en effektiewe sending?

3. Hoeveel ruimte is daar vir teologiese verskille? Min mense sal die waarheid op dieselfde wyse verstaan. Hoe kan ons as kerk verenig staan, maar terselfdertyd ruimte maak vir kleiner verskille wat kan opduik? Hoe hanteer mense in jou plaaslike gemeente verskille in begrip, en handhaaf hulle nog steeds eenheid?

4. Hoe kan die Bybel 'n instrument van eenheid wees? Watter soort gesindheid is hier nodig in ons bestudering van die Woord van God sodat ons kerk verenig kan wees in sending en in geloof?

Notas